



+27 28 514 8500

info@swellendam.gov.za

swellenmun

www.swellendam.gov.za

+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

KENNISGEWING: UITNODIGING VIR DIE INSPEKSIE VAN ALGEMENE WAARDASIE ROL 2023/2028 EN DIE INDIENING VAN BESWARE

Kennis word hiermee geskied in terme van Artikel 49 (1)(a)(i) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet no. 6 van 2004), hierna verwys as die "Wet", dat die algemene waardasierol vir die boekjaar 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2028 oop is vir inspeksie en insette tussen 13 Februarie 2023 tot 14 April 2023. Inspeksie van die rol kan gedurende kantoorure gedoen word by die munisipale kantore te Swellendam, Barrydale, Suurbraak en Buffeljagsrivier asook op die Munisipale webtuiste (www.swellendam.gov.za).

'n Uitnodiging word hierby gerig, in terme van Artikel 49 (1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78 (2) van die Wet, dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon wat dit nodig ag, 'n beswaar by die Munisipale Bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid vervat of weggelaat in die waardasierol binne die bogenoemde tydperk.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50 (2) van die Wet dat 'n beswaar teen 'n individuele eiendom ingedien moet word, en nie teen die algemene waardasierol in sy geheel nie, en dat geen persoon geregtig is om enige beswaar te opper voor die Waardasieraad tensy hy/sy belyds en via die voorgeskrewe vorm beswaar aangeteken het.

Die vorms om 'n beswaar in te dien is beskikbaar by die selfde kantore waar die waardasierol rol beskikbaar is vir inspeksie, sowel as op die munisipale webtuiste (www.swellendam.gov.za). Enige besware gerig aan die Munisipale Bestuurder, moet op die laatste teen 14 April 2023 ingedien word.

Neem asseblief kennis dat kennisgewings ook met eiendomseienaars gekommunikeer sal word met bates wat op die Waardasierol gelys is.

Navrae kan gedurende kantoorure aan Me D Beukes gerig word: (028) 514-8500 of per e-pos: dbeukes@swellendam.gov.za

**ME. A VORSTER
MUNISIPALE BESTUURDER**

**POSBUS 20, SWELLENDAM,
6740**

Kennisgewing nr: A6/2023

